HOëRSKOOL STELLA

POSBUS 2 / MAFIKENGWEG 1
STELLA
8650
TEL. NO. 053 9830021/FAKS. 053 9830011

14 Oktober 2016

OB 04/16

Geagte Ouer/Voog

PRYSUITDELINGS

Vanweë die feit dat die matrikulante vanaf Maandag, 17 Oktober 2016 met amptelike studieverlof is om voor te berei vir die Senior Sertifikaateksamen, sal die Sekondêre prysuitdeling DV op Maandag, 17 Oktober 2016 plaasvind. Die sekondêre seuns moet asseblief geklee wees in ‘n grys langbroek en blou skoolhemp met ‘n das tydens die prysuitdeling.

Die primêre prysuitdeling vind plaas op Donderdag, 27 Oktober 2016.

FOTOBLAD

Fotoblaaie kan weer bestel word teen R120 per blad. Hierdie gelde moet asseblief teen 31 Oktober betaal word by Me. A. Niemann alvorens bestellings geplaas sal word.

BEESFEES

Die kringbestuurder, Mev. Gabaphethe, het die skool toestemming gegee om op Vrydag, 21 Oktober om 10:00 te verdaag om ouers en leerders geleentheid te gee om die jaarlikse Beesfees by te woon. Geen toegangsgelde (vir leerders van Hoërskool Stella) is betaalbaar op 21 Oktober nie. Ons bedank die Beesfeeskomitee vir hierdie vergunning.

PROVINSIALE LEWENSORIËNTERING

Die graad 10 en 11 leerders skryf alreeds op 26 Oktober 2016 hul jaarlikse provinsiale Lewensoriëntering vraestelle vanaf 09:00 die oggend. Dit word alreeds nou deurgegee, sodat geen leerder afwesig sal wees op 26 Oktober nie, aangesien hierdie vraestel 75% uitmaak van die leerder se bevorderingspunt aan die einde van die jaar.

DEURLOPENDE ASSESSERING

Volgens die nuwe assesseringsbeleid moet alle grade se formele assesseringstukke drie weke voor die aanvang van die bevorderingseksamen ingehandig wees. Indien ‘n leerder in gebreke bly om ALLE assesseringstake in te handig, sal hy/sy nie toegelaat word om eksamen te skryf in daardie vak nie en sal hy/sy dus ‘n onvolledige rapport ontvang.

BEVORDERINGSEKSAMEN

Die eksamenrooster is alreeds op 30 September 2016 aan die leerders uitgegee, asook op die skoolkommunikeerder geplaas. Aangesien departementele vraestelle afgelê word, mag daar GEEN veranderings aan die datums of tye gemaak word nie. ‘n Beroep word op ouers gedoen om asseblief nie afsprake vir leerders gedurende die eksamens te maak nie.

Die skool sal vanaf 28 Oktober 2016 om 8:00 begin en om 12:00 sluit vir leerders vir die volle duur van die eksamen. Op sekere dae word dubbele sessies geskryf in sekere grade. Dit mag dan gebeur dat daardie spesifieke leerders later sal verdaag op daardie dae.

Op 1 Desember 2016, word slegs uurlange vraestelle geskryf in grade 3 tot 6. Die leerders sal op 1 Desember om 8:00 begin skryf en om 9:30 verdaag.

Die rapporte kan op 7 Desember 2016 by die skool afgehaal word.

AFRIGTERS 2016

Indien daar enige persoon is wat betrokke wil raak by afrigting of van persone weet wat betrokke wil raak, moet hul asseblief hul/die name deurgee aan Mnr. B. Bruwer.

BEGROTINGSVERGADERING

Die jaarlikse begrotingsvergadering sal plaasvind op Vrydag, 28 Oktober 2016 om 10:30 in die **studiesaal van Huis Esterhuysen** aangesien eksamens afgelê word in beide die skoolsaal en die OSOB-saal.

L. Beukes
Skoolhoof